**eduresourceza.com**

Downloaded from eduresourceza.com

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## SEPTEMBER 2017

# VERBRUIKERSTUDIES MEMORANDUM

**PUNTE: 200**

Hierdie memorandum bestaan uit 14 bladsye.

eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## VRAAG 1 KORTVRAE

1.1 **MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE**

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1.1.1 | C ✓ | (1) | Onthou | Maklik | | |
| 1.1.2 | B ✓ | (1) | Onthou | Maklik | | |
| 1.1.3 | B ✓ | (1) | Onthou | Maklik | | |
| 1.1.4 | B ✓ | (1) | Onthou | Matig | | |
| 1.1.5 | D ✓ | (1) | Onthou | Maklik | | |
| 1.1.6 | A ✓ | (1) | Onthou | Maklik | | |
| 1.1.7 | A ✓ | (1) | Onthou | Maklik | | |
| 1.1.8 | D ✓ | (1) | Onthou | Maklik | | |
| 1.1.9 | A ✓ | (1) | Onthou | Matig | | |
| 1.1.10 | B ✓ | (1) | Onthou | Maklik | | |
| 1.1.11 | A ✓ | (1) | Onthou | Maklik | | |
| 1.1.12 | A ✓ | (1) | Onthou | Maklik | | |
| 1.1.13 | B ✓ | (1) | Onthou | Maklik | | |
| 1.1.14 | C ✓ | (1) | Onthou | Maklik | | |
| 1.1.15 | A ✓ | (1) | Onthou | Maklik | | |
| 1.1.16 | C ✓ | (1) | Onthou | Maklik | | |
| 1.1.17 | C ✓ | (1) | Onthou | Maklik | | |
| 1.1.18 | B ✓ | (1) | Onthou | Maklik | | |
| 1.1.19 | B ✓ | (1) | Onthou | Maklik | | |
| 1.1.20 | A ✓ | (1) | Toepas | Matig | (20 × 1) | (20) |

1.2
1.2.1 F ✓ (1)
1.2.2 E ✓ (1)
1.2.3 H ✓ (1)
1.2.4 G ✓ (1)
1.2.5 I ✓ (1)
Onthou, Maklik (5 × 1) (5)

1.3
1.3.1 B ✓ (1)
1.3.2 G ✓ (1)
1.3.3 H ✓ (1)
1.3.4 C ✓ (1)
1.3.5 D ✓ (1)
Onthou, Matig (5 × 1) (5)

1.4
1.4.1 Voedselsekuriteit ✓ (1)
1.4.2 Voedseladditiewe ✓ (1)
1.4.3 Organiese voedsel ✓ (1)
1.4.4 Bestraling ✓ (1)
1.4.5 Genetiese gemodifiseerde voedsel ✓ (1)
Onthou, Matig (5 × 1) (5)

1.5
A ✓ (1)
B ✓ (1)
E ✓ (1)
F ✓ (1)
G ✓ (1)
(In enige volgorde) Verstaan, Matig (5 × 1) (5)

**[40]**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## VRAAG 2 DIE VERBRUIKER

2.1 2.1.1 **Garansie/Waarborg**

Garansie is ŉ skriftelike belofte dat die kwaliteit en duursaamheid van ŉ produk of diens sekere standaarde sal nakom en dat, indien die produk of diens nie aan die bepalings van die waarborg voldoen nie, u terugbetaal sal word.

**OF**

ŉ Waarborg is ŉ versekering dat ŉ produk vir ŉ bepaalde tyd in werkende toestand sal bly. ŉ Waarborg is ŉ belofte van die vervaardiger dat hulle enige probleme met ŉ produk of diens binne ŉ bepaalde vaste tydperk sal uitsorteer.

Onthou, Maklik (2)

2.1.2 **Inflasie**

Inflasie is die styging van goedere en dienste oor ŉ spesifieke tydperk, en gevolglik ŉ afname in die koopkrag van geld.

**OF**

Is die gemiddelde verhoging in pryse van goedere en dienste in ŉ jaar.

Onthou, Maklik (2)

2.2 2.2.1 **Verduidelik die woord uitvissing (phishing)**

Enige vals e-posse/webwerwe, telefoonoproepe wat voorgee om die bank of ŉ finansiële instelling te wees en ontwerp is om jou geld te steel deur jou persoonlike inligting te kry of ŉ skakel te stuur om persoonlike inligting te kry.

Onthou, Maklik (2)

2.2.2 **Gee DRIE maniere hoe jy jouself teen aanlynuitvissing kan beskerm.**

- As jy vermoed dat ŉ e-pos gemorspos is, wis dit uit sonder daarom oop te maak.
- Hou anti-gemorspos en antivirusprogrammatuur op jou rekenaar op datum.
- Moet nooit jou persoonlike besonderhede per e-pos verskaf nie.
- Moet nooit aanhangsels oopmaak wat voorgee om van jou bank af te kom nie – dit kan antivirussagteware (spyware) bevat wat jou sleuteldrukke registreer en jou persoonlike inligting bymekaarmaak.
- Kontroleer jou bank en kredietkaarte gereeld.
- As jy dink jy het finansiële inligting soos kredietkaartnommers aan ŉ strikrower gegee, kontak onmiddellik jou finansiële instelling of kredietkaartmaatskappy.
- Maak seker dat jy wettige webtuistes/e-posse/oproepe gebruik.
- Antivirusprogrammatuur maak onveilige webtuistes/spam/pins/wagwoorde wat gebruik word, veilig.

Onthou, Maklik (Enige 3) (3)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


2.3 2.3.1 **Beskryf die tipe goedere waarna in die scenario verwys word.**
Grys goedere/parallelle invoere ✓ is goedere wat 'n vervaardiger nie in 'n spesifieke land verkoop wil hê nie, ✓ maar wat daar beland deur nie-amptelike verspreidingskanale. ✓ Grys goedere is nie onwettig nie ✓
Toepassing, Matig (3)

2.3.2 **Identifiseer die tipe belasting waarvoor Shaun betaal wanneer hy sigarette koop.**
Aksynsbelasting/Sondebelasting✓
Onthou, Maklik (1)

2.3.3 **Verduidelik die redes waarom hierdie tipe belasting deur verbruikers soos Shaun betaal word.**
Belasting op sigarette word betaal om die hoeveelheid mense wat rook te probeer verminder ✓ omdat dit 'n gesondheidsgevaar inhou✓
Onthou, Matig (2)

2.4 2.4.1 **Noem TWEE voedsel-items uit die scenario wat vrygestel is van belasting op toegevoegde waarde (BTW).**
- Mieliemeel
- Mielierys
- Stampmielies

Onthou, Maklik (Enige 2) (2)

2.4.2 **Bespreek hoe die inligting in die scenario die huishoudelike begroting van verbruikers sal beïnvloed.**
- Droogte mag lei tot die verhoging in die prys van mieliemeel, mielierys en stampmielies (grane) ✓
- Vervaardigingsfabrieke mag sluit as gevolg van 'n tekort aan grane om te verwerk ✓ wat kan lei dat mense hul werk sal verloor
- Dit kan veroorsaak dat verbruikers minder geld tot hul beskikking het om grane te koop/ander items/luukses
- Die swak rand kan ook lei tot verhoogde ingevoerde graanpryse wat die huishoudelike begrotings verder onder druk sal plaas

Analiseer, Moeilik (Enige 3) (3)
**[20]**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## VRAAG 3 VOEDSEL EN VOEDING

3.1 **Noem TWEE voedsels wat allergieë veroorsaak.**
Grondboontjies, melk, eiers, skulpvis, sojabone, graan
Onthou, Maklik (Enige 2) (2)

3.2 **Noem DRIE voordele wat organies verbode voedsel vir die natuurlike omgewing mag hê.**
Organiese boerderye gebruik natuurlike plaagdoders om die omgewing te beskerm.

- Hulle konsentreer op volhoubare gebruik van hulpbronne.
- Dit verbeter die grondgehalte / voorkom grondbesoedeling.
- Dit verminder lugbesoedeling want baie min of geen brandstof word gebruik vir die vervaardiging van organiese voedsel.
- Beskerm watervoorsiening. Water bly skoner want daar is geen giftige chemikalieë wat in die water loop nie.

Verstaan, Maklik (Enige 3) (3)

3.3 **"Voedselbestraling is 'n tegnologie wat gebruik word om die veiligheid van voedselprodukte soos kruie te verbeter". Bespreek VIER redes waarom die stelling waar is.**

- Kos word behandel met kort lig of radiogolwe om die veiligheid, aanvaarbaarheid en rakleeftyd te verbeter.
- Die strale penetreer diep in die kos/maak dood/verminder/vernietiging ongewenste bakterieë/skadelike organismes/insekte in voedsel, en verminder dus voedselbederf.
- Die golwe pasteuriseer en verleng die raklewe van voedsels. Ongewenste bakterieë of organismes word vernietig.
- Dit beskerm mense teen voedselverwante siekte.
- Kruie is veilig om te gebruik. Kruie het 'n hoë vlak van bakterieë/insekkontaminasie gedurende produksie, maar na bestraling is dit veilig om te gebruik.

Toepas, Moeilik (Enige 4) (4)

3.4 **Vergelyk tussen melkallergie en laktose-intoleransie.**

| Melkallergie | Laktose-intoleransie |
|---|---|
| • Immuunstelsel is betrokke<br>• Melkproteïene is skadelik<br>• Reageer teen/bou antiliggaampies teen proteïene (Enige 2) | • Dunderm is betrokke<br>• Dunderm skei te min of geen laktase (ensiem) af<br>• Verander nie laktose na glukose nie (Enige 2) |

(4)

**Trek 1 punt af as dit nie in tabelvorm is nie.**
Verstaan, Matig


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

3.5 **Verduidelik waarom koronêre hartsiekte as 'n lewenstylsiekte beskou word.**

- Dit is 'n siekte wat ontstaan deur 'n hoë inname van versadigde vette, veral transvette in gemorskos (junk food).
- Mense eet te veel voedsels wat versteekte vette het en hulle besef nie wat hulle eet nie.
- Daar is baie lewenstyl faktore wat kan lei na dié siekte soos swak dieet, wat lei na vetsug, oorgewig/gebrek aan fisiese aktiwiteite, oortollige inname van alkohol, rook en stres.

Verstaan, Matig (Enige 3) (3)

3.6 **Beantwoord die volgende vrae oor cholesterol.**

3.6.1 **Beskryf *hoë cholesterol*.**

Hoë cholesterol ontwikkel wanneer oormatige hoeveelhede cholesterol ✓ hoë digtheid lipoproteïene in die are gedeponeer word. ✓ Dit sal die are vernou/blokkeer, wat die risiko van kardiovaskulêre siekte verhoog. ✓

Onthou, Maklik (3)

3.6.2 **Beskryf hoe gereelde toetsing van bloedcholesterolvlakke 'n persoon wat aan hoë bloedcholesterolvlakke lei, sal bevoordeel.**

Cholesterol akkumuleer stadig/grootliks onsigbaar/geen simptome, daarom is gereelde toetsing nodig vir bewuswording en eers dan kan die toestand beheer word. ✓

Hoë cholesterol kan geneties/oorerflik wees en gereelde ondersoeke kan die toestand openbaar. ✓

Verstaan, Matig (Enige 3) (3)

3.6.3 **Gee VIER dieetriglyne om hoë bloedcholesterolvlakke te beheer.**

- Beheer die hoeveelheid dierevet/eiergeel/orgaanvleis, sekere seekosse wat daaglikse geëet word. ✓
- Eet baie vesel, oplosbare vesel/hawermout en legumiene. ✓
- Eet baie groente en vrugte want dit bevat min vet, maar 'n groot hoeveelheid vitamiene, minerale, vesel en antioksidante. ✓
- Verminder hoë vet-suiwelprodukte/gebruik lae-vet suiwelprodukte. ✓
- Vermy versteekte vette in die dieet, byvoorbeeld geprosesseerde voedsels bevat vet. ✓

Verstaan, Matig (Enige 4) (4)

3.7 **Onderskei tussen Tipe 1- en Tipe 2-diabetes.**

| Tipe 1 | Tipe 2 | |
|---|---|---|
| Die pankreas kan nie insulien vervaardig nie, ✓ en die insulien moet vervang word met 'n inspuiting. ✓ (2) | Die pankreas ✓ vervaardig insulien, maar nie genoeg nie en werk nie effektief ✓ nie. (2) | (4) |

Verstaan, Maklik


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

3.8 **Scenario**

3.8.1 **Verduidelik hoe die siekte versprei kon word.**

Die bakterieë word versprei deur die lug, wanneer 'n persoon wat tuberkulose het, hoes, nies, praat of sing. Mense wat vir 'n lang tydperk dieselfde lug inasem kan besmet raak. (2)

Toepas, Moeilik

3.8.2 **Analiseer die impak van die groente en vrugte op Tammy se gesondheid.**

- Tammy moet vyf tot ses persies vrugte en groente daagliks eet. ✓
- Die groente in die groentetuin sal Tammy help in haar herstel periode. ✓
- Spinasie/lemoene/wortels/kool voorsien vitamien A en is 'n anti-oksidant wat Tammy se voering van haar longe en dunderm ongeskonde. ✓ Dit maak dit dus moeilik vir kieme om die liggaam binne te dring ✓ en infeksie te veroorsaak.
- Lemoene/tamaties/wortels voorsien vitamiene C wat Tammy help om van haar infeksie ✓ te herstel.
- Kool voorsien sink ✓ wat die immuunstelsel beskerm ✓ en die yster speel 'n belangrike rol met die vorming van rooibloedselle ✓ wat anemie voorkom/hou bloed gesond ✓ en speel 'n belangrike rol met gesonde immuunsisteem. ✓ (Enige 7)

Gevolgtrekking: Die vrugte en groente sal voordelig wees en 'n positiewe impak het op Tammy se gesondheid ✓ (1) (8)

Analiseer, Moeilik

**[40]**

eduresourceza.com


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## VRAAG 4 KLEDING

4.1 **Definieer die volgende terme:**

4.1.1 **Retrospektiewe mode**
Retrospektiewe mode is klere wat ŉ styl van ŉ vorige tydperk/era namaak. ✓✓
Onthou, Maklik (2)

4.1.2 **Organiese tekstiele**
Dit is natuurlike vesels wat sonder enige plaagdoders en ander toksiese stowwe gekweek is en wat die gesondheid van mense en omgewing beskerm. ✓✓
Onthou, Maklik (2)

4.2 **Verduidelik hoe modes deur tegnologiese ontwikkelings beïnvloed word.**

- Tegnologiese ontwikkelings in die tekstiel industrie versnel modes verandering, bv. verbeterde elastisiteit of minimale versorgingsvereistes. ✓
- Ontwikkeling in die vervaardiging industrie bv. verbeterde brei en naaimasjiene het die vervaardigingsproses versnel, dus spaar op tyd en geld. ✓
- Maklike kommunikasie laat die nuutste modeneigings maklik waargeneem kan word. ✓
- Verbeterde verspreidingsmetodes bring nuwe modes vinniger na die winkels, binne dae. ✓

Verstaan, Matig (Enige 3) (3)

4.3 **Beskryf wat ŉ basiese klerekas is.**

- ŉ Basiese klerekas is uitrustings/klere wat jy dra werk toe en wat geskik is vir die werkomgewing. ✓
- Alle klere-items ✓ wat jy kies om te dra vir die werk ✓/spesifieke klere wat geskik is vir daaglikse take/werk.

Onthou, Maklik (2)

4.4 **Bespreek waarom die modesiklus oorvleuel.**

- Modesiklus oorvleuel want verbruikers is vervelig met ou neigings. ✓
- Minder verbruikers dra ou neigings want die belangstelling neem af. ✓
- Nuwe neigings word bekendgestel, beginfase/bekenstellingsfase/foto's word van modeleiers geneem om die nuwe klere bekend te stel. ✓
- Minder verbruikers dra oudmodiese klere nie, en later dra niemand die klere nie. ✓
- So wat die ou modes afneem, neem die nuwe modes toe. ✓
- Teen die tyd is die nuwe modes gevestig en die siklus is op sy hoogtepunt. ✓

Verstaan, Maklik (Enige 3) (3)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

4.5 **Verduidelik waarom dit belangrik is om kwaliteit klere te koop wanneer jy klere vir werk kies.**

- As jy van die begin af kwaliteit items koop sal dit langer hou. ✓
- Dit is 'n beter belegging as die koop van goedkoop klere. ✓

Onthou, Matig (2)

4.6 **Lees die volgende inligting en gee jou opinie oor die rol wat jou voorkoms in die wêreld van werk speel.**

| |
|---|
| Klere vir die werksplek behoort eenvoudig, maar klassiek te wees. Die aantrek van 'n korporatiewe uniform verseker 'n basiese standaard van jou voorkoms. Op die manier sal kliënte luister wat jy sê. |

- Klere stuur 'n boodskap aan die kliënte oor die tipe werk, maatskappy vir wie jy werk. Die koöperatiewe klere-kode sal ook insluit persoonlike higiëne, postuur en 'n beter indruk wanneer jy met kliënte werk. ✓
- As jy geskikte klere dra, sal die werkgewer en kliënte vertroue in die persoon se werk hê en dit wys ook dat die persoon professioneel is. ✓
- Indien jy klere volgens besigheidsreels aantrek, toon dit aan die werkgewer dat jy jou werk ernstig opneem en dit oof respekteer. ✓
- Minder is meer – eenvoudige, maar stylvol, en dus is meer klere nie altyd minder stylvolle klere nie. ✓
- 'n Gesofistikeerde koöperatiewe siening vereis respek. ✓
- 'n Persoon word op jou fisiese voorkoms beoordeel – 'n koöperatiewe uniform verseker 'n gestandaardiseerde maatskappy beeld. ✓

Analiseer, Matig (6)
**[20]**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## VRAAG 5 BEHUISING

5.1 **Verduidelik die volgende terme:**

5.1.1 **Oordragskoste**
Dit is 'n belasting wat deur die Ontvanger van Inkomste namens die staat ✓ ingevorder word en aan SAID (Suid-Afrikaanse Inkomste Diens) betaal word, wanneer 'n eiendom van eienaar verander. ✓ Dit word op die waarde van die eiendom bereken. ✓
Onthou, Maklik (2)

5.1.2 **Oordrag fooie**
Die fooi word aan die prokureur betaal wat oor die oordragproses van die eiendom toesig hou. ✓✓
Onthou, Maklik (2)

5.2 **Noem DRIE koste-items wat by maandelikse verbandterugbetalings ingesluit word.**

- Betaling van die kapitaal (bedrag geleen) ✓
- Rente ✓
- Lewensversekeringspremie/paaiemente ✓
- Huiseienaar se premies/paaiemente ✓
- Administrasiegeld ✓

Onthou, Maklik (Enige 3) (3)

5.3 **Noem die inligting wat in 'n kontrak, wat die bouer en eienaar van die eiendom moet teken, moet wees.**

- Afbreek van koste/bou/regskoste. ✓
- Duidelike beskrywing van die materiale en afwerking. ✓
- Presiese dimensies van die huis/dimensies volgens die huisplan. ✓
- Die verklaring van waarborge voorsien verseker dat enige strukturele defekte/dakke wat let herstel sal word. ✓
- Voltooi datum waarop paaiemente betaal sal word. ✓
- 'n Klousule van kansellasie/beëindiging van die kontrak as enige van die partye nie daarby hou nie. ✓
- Die nadele indien die bouer of die eienaar nie hulle deel van die ooreenkoms nakom nie. ✓
- Die spesifikasielys is aan die plan geheg, wat alle materiaal en toebehore wat in die konstruksie van die huis gebruik moet word, beskryf. ✓ (Enige 4) (4)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

5.4 **Scenario**
**Identifiseer en verduidelik die tipe eienaarskap van die Buys-gesin:**

5.4.1 **Toe hulle die huis in die nuwe dorp gekoop het**
- Voltitel-eienaarskap ✓

Onthou, Maklik
- Die Buys-gesin – die wettige eienaars ✓ van die volle eenheid – die grond en al die strukture daarop ✓

Toepassing, Maklik (3)

5.4.2 **Toe hulle die woonstel gekoop het**
- Deeltitel-eienaarskap ✓

Onthou, Maklik
- Deeltitel eienaarskap ✓ – die wettige eienaars van die eenheid/gedeelte van die gebou. Die deeltitel eienaar besit ook ŉ aandeel in die gemeenskaplike eiendom insluitende huisbakke/trappe/tuin area/gange en die swembad. ✓

Toepassing, Maklik (3)

5.5 **Bespreek VIER voordele van die huur van die wooneenheid.**
- Die Buys-gesin betaal ŉ vasgestelde bedrag huurgeld oor ŉ spesifieke tydperk. ✓
- Hulle betaal nie grond of eiendombelasting nie. ✓
- Hulle is nie verantwoordelik vir die onderhoud van die eiendom nie.
- Hulle kan ŉ besigheid vanaf die eenheid bestuur met die toestemming van die verhuurder en die munisipaliteit. ✓
- Hulle is van die begin van die huurooreenkoms bewus van die huurvoorwaardes. ✓
- Dit is maklik om te trek nadat hulle vooraf kennis gegee het. ✓
- Dit sal hulle help om minder maandelikse uitgawe te hê omdat hulle nie huiseienaarsversekering betaal nie. ✓
- Om te huur is meer bekostigbaar terwyl hulle soek vir ŉ huis om te koop. ✓

Onthou, Maklik (Enige 4) (4)

5.6 **Noem VIER voordele van die besit van die woonstel in die kompleks.**
- Hulle was die wettige eienaars van die woonstel – kon dit vir hul kinders in ŉ boedel nalaat. ✓
- Eienaarskap het hulle gevoel van sekuriteit en onafhanklikheid gegee. ✓
- Hulle woonstel is in ŉ veilige kompleks. ✓
- Hulle het gemeenskaplike geriewe gedeel soos die swembad en speelpark. ✓
- Sonder die verantwoordelikheid van persoonlike onderhoud. ✓
- Hulle kan die woonstel verkoop met ŉ wins om ŉ ander huis te koop. ✓
- Die huiseienaarsvereniging bestuur die deeltitel blok wat minder verantwoordelikhede vir die gesin beteken. ✓
- Hulle kon verandering aanbring in die woonstel/eenheid. ✓

Toepas, Maklik (Enige 4) (4)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

5.7 **Verduidelik waarom die huis die ideale gesinshuis sal wees.**

- Die huis het drie slaapkamers/groot genoeg/geskik vir die gesin se behoeftes/privaatheid van die lede. ✓
- Dit is veilig – alarmstelsel/veiligheidshekke. ✓
- Dit is naby die skool – besparing op vervoerkoste; gerieflik indien die kinders deelneem aan buitemuurse-aktiwiteite. ✓
- Die winkelsentrum is naby wat dit gerieflik maak vir aankope✓ en bespaar vervoerkoste.
- Winkelsentrums het gewoonlik vermaaklikhede vir die gesin. ✓

Toepassing, Matig (Enige 3) (3)

5.8 **Die Buys-gesin het oorweeg om ’n stofsuier te koop.**

- Stofretensie – 1,5 liter-kapasiteit
- Gebruik minder krag
- Wasbare filter
- Antibakteriese beskerming
- Kan by moeilike hoeke bykom
- Met gladde wiele ontwerp om delikate oppervlakke te beskerm



5.8.1 **Verduidelik waarom die stofsuier as omgewingsvriendelik beskou kan word.**

- Die stofretensie voorkom die stof in die lug – daarom verminder dit lugbesoedeling. ✓
- Dit gebruik minder energie, daarom het dit ’n lae impak op koolstofvoetspoor. ✓
- As gevolg van die lae energieverbruik verminder die fossielbrandstowwe ✓ om elektrisiteit te skep.
- Antibakteriese beskerming voorkom vrystelling van mite in die lug ✓ dit laat die lug skoner, en maak dit ’n gesonde opsie.

Toepas, Matig (Enige 4) (4)

5.8.2 **Evalueer die geskiktheid van hierdie stofsuier vir die skoonmaak van ’n drieslaapkamerhuis met teëlvloere sowel as volvloermatte.**

- Die 1,5 liter stofkapasiteit maak dit groot genoeg.✓
- Dit kan moeilike hoeke bykom ✓ dus verminder dit skuiwing van meubels ✓ en dit verminder die menslike energie verbruik. ✓
- Die gladde wiele maak dit moontlik om makliker rond te beweeg met minder wrywing ✓ en dus veroorsaak dit minder beskadiging op die oppervlak.
- Geskik vir die skoonmaak van matte en teëls, dus hoef jy nie twee soorte masjiene te hê nie.
- Die wasbare filters verminder die behoefte om die filters te vervang, bespaar geld op langtermyn. ✓
- Gebruik minder energie dus minder elektrisiteit gebruik en verlaag die elektrisiteitsrekening. ✓

Gevolgtrekking: Hierdie stofsuier is geskik vir ’n drieslaapkamerhuis ✓ (8)

Evaluering, Moeilik **[40]**

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## VRAAG 6 ENTREPRENEURSKAP

6.1 **Noem VIER redes waarom produkte verpak word.**

- Om die produk te beskerm ✓
- Om die produk veilig en higiënies te hou ✓
- Dit kan dien as 'n stille/aandag te trek vir die verbruiker ✓
- Goed ontwerpte verpakking kan ook die besigheid se beeld reflekteer ✓

Onthou, Maklik (4)

6.2 **Verduidelik *winsmarge* met betrekking tot klein besigheidspraktyke.**
Die bedrag/persentasie wat tot die kosprys ✓ bygevoeg is van goedere en oorhoofse uitgawes/en nog geld vir 'n wins los. ✓ (2)

6.3 **Meld DRIE voordele vir die opleiding van ongeskoolde werkers.**

- Beter kwaliteit werk word gelewer ✓
- Verhoog motivering ✓
- Verhoog werksbevrediging ✓
- Die vermoë om onafhanklik te werk ✓
- Verhoog produktiwiteit ✓
- Verminder afval ✓
- Verkry ook vaardighede en kennis ✓

Onthou, Maklik (Enige 3) (3)

6.4 6.4.1 **Teikenmark**

- Mense wat gou 'n ontbyt wil nuttig✓
- Mense wat ontbyt ✓ oorslaan
- Diegene wat 'n lae kilojoule opsie verkies✓

Toepassing, Matig (Enige 2) (2)

6.4.2 **Waarom is dit belangrik om by die produkspesifikasie te hou?**

- Om te verseker dat die kliënt altyd 'n goeie kwaliteit produk ontvang ✓
- Verseker standaardisering/om in sekere standaard te behou ✓
- Sal altyd dieselfde voorkoms en smaak behou✓

Onthou, Maklik (Enige 2) (2)

6.4.3 **Bemarkingsplan**
Promosie✓ – Webtuiste ✓
Prys✓ – R23,80 per eenheid✓
Produk ✓ – Ontbytbeskuit (mini ontbyt beskuit) ✓
Plek ✓ – van die huis af ✓ (nie huurperseel nie)
Toepas, Matig (8)

6.4.4 **Kliënteverhoudings**

- Wendy waardeer die insette van haar kliënte ✓
- Sy sal 'n goeie kwaliteit produk behou ✓
- Om te luister na die kliënte se behoeftes, en om na hul behoeftes te reageer verseker kliëntelojaliteit aan haar produk ✓
- Deur middel van mense✓

Toepas, Maklik (Enige 3) (3)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

6.4.5 **Inligting op etiket**

- Handelsnaam
- Handelsmerk ✓
- Bestanddelelys ✓
- Kontakbesonderhede ✓
- Porsiegrootte ✓
- Allergene ✓
- Bediening voorstel ✓
- Berginginstruksie ✓
- Prys van die produk ✓
- Net kwaliteit van die inhoud ✓
- Datumstempel ✓

Toepas, Maklik (Enige 4) (4)

6.5 **Berekening**

6.5.1 **Bereken die verkoopprys van 'n ruiker. Toon ALLE berekeninge.**

Verkoopprys = produksiekoste + winsmarge
= (R120,00 + R80,00) ✓ + 75% of R200
= R200,00 + R150,00 ✓
= R350,00✓

Toepas, Matig (3)

6.5.2 **Bereken die wins op die spesifieke produk vir 'n maand as sy 40 ruikers gedurende dié periode verkoop het.**

R150,00 × 40 ✓ = R600,00 ✓

Toepas, Matig (2)

6.5.3 **Analiseer hoe 'n finansiële uitvoerbaarheidstudie Jamé sal help om te bepaal hoe volhoubaar winsgewend haar besigheid sal wees.**

- Die hoofdoel van 'n finansiële uitvoerbaarheidstudie is om uit te vind wat die sterkte en swakhede van die huidige besigheid is. Jamé's se sterkte deurdat sy die huidige besigheid✓ kon oorneem. Sy het 'n passie✓vir blommerangskikkings✓ en goeie menslike verhoudinge✓. Sy het 'n visie vir die winkel. ✓
- Ken alle koste ✓ verbonde, want sy is 'n finansiële bestuurder en ken alle uitgawes
- Sy skat potensiële verkope, sy kyk ook om 'n nuwe ✓ seksie oop te maak en sy voorsien begrafnisondernemers met ruikers.
- Sy wil weet hoeveel wins hulle elke maand maak. ✓
- Sy sal nie aanvangskapitaal benodig nie, want dit is 'n bestaande besigheid. ✓
- Sy sal weet watter wins kan verwag word. ✓ (Enige 6)

Gevolgtrekking: Die finansiële uitvoerbaarheidstudie sal haar help om die koste en verkoopprys van die produk akkuraat te bepaal. ✓ (1) (7)

Evaluering, Matig

**[40]**

**TOTAAL: 200**


Downloaded from eduresourceza.com